

“WAAR IS JY?”...

God se skeppingsregte

(Genesis 3:9)

Adam en Eva het pas in sonde geval en kruip vir God tussen die plante in die tuin van Eden weg. God soek hulle op en vra vir Adam: “Waar is jy?” God roep Adam as verbondshoof tot verantwoording oor sy sonde. God het die volste reg om Adam tot verantwoording te roep want Hy is die Skepper en die Opdraggewer van die mens. God het baie aan Adam geskenk. God het vir Adam die ganse skepping gegee, 'n vrou, 'n blyplek, 'n werk en baie baie seëninge. Adam het van al hierdie dinge geweet omdat hy na die Beeld van God geskep is. Dit moes ook as motivering dien om gehoorsaam te bly aan God. God laat sy **Skeppersregte** nie straffeloos skend nie. Laat jy dan jou Skepper eer en biddend die paradysopdrag uitvoer in 'n wêreld wat feitlik net om die mens en sy dinge draai. Jy moet God in alles eer.

**WAT SOEK JULLE ?**

Jesus is waarlik God daarom is Hy ook alwetend. Tog het Hy op verskillende tye, vrae aan mense gevra waarop Hy antwoorde verwag het, al het Hy alles geweet. Hoofsaaklik het dit vir Jesus gegaan om die antwoorde van die mense. Twee van Johannes die Doper se dissipels volg Jesus (Joh. 1:35-39). Dan vra Jesus vir hulle: “*Wat soek julle?*” Dit is 'n vraag wat Christus aan elkeen kan vra wat Hom volg. Jesus kan vir elke lidmaat van die kerk hierdie vraag vra. Hy kan vir elkeen wat 'n Bybel het vra: “*Wat soek julle?*” Wat sal jy die Here antwoord?

- ⑤ Here, ek soek 'n wêrk!
- ⑤ Here, ek soek 'n bétér werk.
- ⑤ Here, ek soek 'n groter salaris.
- ⑤ Here, ek soek geluk.
- ⑤ Here, ek soek gemak.
- ⑤ Here, ek soek lewensgeluk.
- ⑤ Here, ek soek voorspoed.

Onthou, omdat Hy almagtig is kan die Here vir jou enigiets gee. Maar Hy verwag dat jy as mens na sy vraag sal luister. Jesus wil hoor wat jy **by Hóm** soek. Christus wil hoor wat jy werklik **van Hom** verwag. Van die lewe rondom ons verwag ons baie. Ons verwag baie van ons medemens. Maar as dit om Christus gaan moet jy van Hom verwag wat nodig vir sy koninkryk is, nie vir jou eie mensgerigte aardse koninkryk nie. By Jesus moet jy soek na dit wat vir die saak van die Here en sy koninkryk van belang is en hoe dit telkens 'n nuwe verantwoordelikheid vir jou beteken.

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 13 Februarie 2011

Nommer 5

DIE KEUSE TUSSEN HEL EN HEMEL

- Van sy geboorte af totdat Hy 30 jaar oud was het Jesus by sy aardse ouers, Josef en Maria, en sy broers en susters gewoon (Matt.12:46-50, Mark.3:31-35, Matt.13:55-56).
- Toe Hy sy ouerhuis op dertigjarige ouderdom verlaat het in die land rondgegaan om te preek en wondertekens te doen.
- Maar voordat Hy met sy prediking en die wondertekens kon begin moes daar eers iets gebeur; sy **doop** en die **versoeking** van die Satan.
- Jesus se openbare optrede begin dan met sy **doop** deur Johannes die Doper [Mark 1:9-11].
- Na sy doop het die Heilige Gees Christus die woestyn ingelei om deur die Satan **versoek** te word (Matt. 4:1-11).

Van sy verblyf in die woestyn skryf Markus: “**Jesus was daar saam met die wilde diere, en die engele het Hom versorg**” [Mark 1:13].

Hierdie woorde het simboliese betekenisse.

- ▶ Die **wilde diere** is simbool van die **sonde** (die hel) [Gen 3:17-19].
- ▶ Die **engele** is simbool van die **hemel**.

Tussen hierdie twee het Christus 'n keuse en tussen hierdie twee sal Hy moet ly totdat Hy uitroep “*Dit is volbring*” [Joh. 19:30]. Hierdie waarheid het vir ons as gelowiges in 2010 ook groot betekenis. Dit is waar ons ons lewensroeping ook moet vervul, tussen die “*wilde diere*” [die verwildering deur die sonde] en die “*engele*” [die hemelse kalmte van die verlossing in Christus]. Tussen hierdie twee word jy soms wreed heen en weer geslinger, dan in die groot gevaar van die suigkrag van die hel en dan weer in die geloofskalmte en sekerheid van die hemel. In Jesus Christus is jy in staat om die regte keuse te maak. In die oorwinning van Christus aan die kruis kies jy vir die hemel en nie vir die hel nie. En hierdie keuse moet jou daaglikse lewe kenmerk. Alleen as jy voluit uit hierdie keuse leef is dit moontlik om in die tyd staande te bly.

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
13 Februarie	Barmhartigheid	Dankbaarheidsfonds
20 Februarie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
27 Februarie	Barmhartigheid	Die Kerkblad

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 13 Februarie tot Saterdag 19 Februarie 2010

Sondag 13 Februarie 2011	Oggendiens	09:30-10:30
Sondag 13 Februarie 2011	Katkisasie - Les 4	10:30
Sondag 13 Februarie 2011	Erediens	18:00-19:00
Donderdag 17 Februarie 2010	Vergadering Ouderlinge	18:00


**TEESKINKBEURTE**

Sondag 13 Februarie 2011	Wyke 8 en 9
Sondag 20 Februarie 2010	Geen teeskink
Sondag 27 Februarie 2010	Wyke 10 en 11

**Verjaarsdae**

14 Februarie	Melinda de Kock
16 Februarie	Tannie Maria van der Walt
17 Februarie	At Kruger
17 Februarie	Rina Steenkamp
17 Februarie	Peet Bezuidenhout
18 Februarie	Jeanette de Jager
18 Februarie	Annelise van Jaarsveld
20 Februarie	Jaco Roos

Ons wens almal 'n geseënde nuwe jaar toe. Mag u die Here se trou elke dag ervaar.

**55-PLUSSERS - 2011**

Datum: Saterdag 26 Februarie 2011

Tyd: Vertrek 11:00 vanaf Kerk

Plek: Hannes Pelser se Plaas

Spyskaart: Potjiekos, potbrood en plaatkoekies

Ons breek diè jaar bietjie weg van die gebruikelike bring-en-braai en maak regte, egte boerekos in 'n potjie. Ons beplan hoender- en beesstert- of skaapskenkelpotjie. Ons sal sorg vir al die bestanddele van die potjie, brood en plaatkoekies. Elkeen moet net sorg vir sy eie eetgerei en drinkgoed (genoeg vir 'n lang dag!)

Prys: R30 per persoon (vir aankope van die vleis, ens.)

Vervoer: Dui asb. op die lys in die portaal aan indien iemand vervoer benodig plaas toe.

Kleredrag: Gemaklik en informeel, stapskoene, hoed, sonblok en sambreel.

Tema: "Dinge wat jou laat jubel". Maak solank 'n lysie van ten minste 5 dinge wat jou laat juig en jubel en bring die lysie saam.

Ons nooi almal hartlik uit na die gesellige uitstappie. Ons wil graag almal van diè ouderdomsgroep daar hê.

FRANCOIS SNYMAN

082 451 1408

BAIE DANKIE !

* HOSPITAALBESOEK 'n Brief van waardering is ontvang vanuit Viljoenskroon: "Baie dankie aan Oom Pottie en die Susters van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord: my vrou, Lettie Grobler, was in die Wilmed vir 'n knieervanging en die besoeke wat sy ontvang het, het haar geestelik en emosioneel versterk. Mag ons Hemelse Vader u en u gemeente behoed en bewaar. U broeder in Christus, Jan Grobler, Gereformeerde Kerk, Viljoenskroon."

* KINDERHUIS Verlede Sondag het die Diaconie 'n projek geloods om warm winterpajamas aan die kinders van Rethabile-Kinderhuis te verskaf. Die gemeente het met geesdrif gereageer en 21 kinders gaan hierdie winter lekker warm slaap. 'n Woord van hartlike dank aan u almal wat hieraan deelneem!

Wêreldbiddag vir vroue

Op 4 Maart 2011 om 10:00 word die Wêreldbiddag vir vroue in die Gereformeerde Kerk Klerksdorp gehou. Almal is welkom. Die tema is: Hoeveel broodjies het jy? Navrae: Curly by 083 978 3380.

**DEPUTATE: GESPREK MET DIE OWERHEID**

Bogenoemde Deputate van die GKSA het in 'n media-verklaring, in reaksie op president Zuma se uitlatings dat ANC-lidmaatskap = hemel-toe-gaan, gesê dat hierdie uitlatings Godslasterlik, polariserend en gevaarlik is. "Indien hy dit in ligte luim gedoen het, is dit in swak smaak en 'n ligsinnige gespot met wat kosbaar en heilig is." Die Deputate vervolgt met: "Ons versoek kerke om in opdrag van 1 Tim.2:1-5 ernstig vir mnr. Zuma te bid."

**MERK DIE DAG!**

Omkring solank die datum Saterdag 16 April in u dagboek! 'n Gemeentebou-uitstappie word vir die dag beplan!

**LEES.....IN DIE JONGSTE UITGAWE VAN DIE KERKBLAD:**

- So maklik word daar ten opsigte van die kerk gesê: Die kerk doen dit of dat. "Hulle" (die kerk) doen te min vir behoeftiges. Of in direkte gesprek: "Julle" (bedoelende die lidmate van die kerk behalwe ek) gee mos nie om vir ons gewone ouens nie. Lees wat skryf **dr. Nico van der Merwe** oor betrokkenheid by die kerk.
- Die kerk se waarborg vir voortbestaan is nie in aanvaarding van die wêreld of in groot getalle geleë nie, maar in Hom aan wie die kerk in hart en siel deur die geloof verbind is: Jesus Christus, ons opgestane Here! **Prof. Gert Jordaan** skryf oor wêreldgelykvormigheid en wêreldvermyding.
- Geloof is nie 'n kragtoertjie nie. 'n Mens kan nie met jou geloof jouself in 'n ander klas plaas as ander sogenaamde geloofsatlete en dalk 'n beter oefenprogram as hulle volg en so nader aan die hemel kom nie. **Ds. Kobus Botha** skryf in 'n fokusartikel oor "Hoe word jy 'n kind van God?"

OGGENDDIENS – Dr. A.H. Grové

Matteus 11:28-30

KOM ONS RUIL!

Ons Here Jesus nooi ons uit: Kom na My toe! Kom ons ruil! Laai julle las op My! En Ek sal my las op julle laai! Gee vir My jou swaar las, en Ek sit my sagte juk en ligte las op jou. 'n Juk is 'n swaar houtharnas waarmee hulle 'n os voor 'n ploeg ingespan het. As Jesus hier na 'n juk verwys, dan bedoel Hy daarmee die wet soos wat die Fariseërs dit verstaan het. Hulle het van die wet van God 'n swaar las gemaak wat hulle op die skouers van die Jode gelê het. Jesus het nêrens gesê dat gelowiges sonder enige probleme deur die lewe sal gaan nie. Jy gaan verseker die gevolge van die sonde gedurig aan jou lyf voel. Die juk en die las van Jesus is nie soos die Fariseërs s'n 'n slawejuk nie, maar die juk van: Ek is vry, verlos van die sonde. Ek buig nie meer onder 'n slawejuk soos Israel in Egipte nie. Ek is 'n kind van die Here. Hy dra my juk – en al my laste. Hy dra my!

**Susters**

Saamroepster vir Februarie: Santie v.d. Westhuizen

Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis: Wyk 26-28, 1 & 5

**SUSTERSAAMTREK-Saterdag 12 Maart****GK Wolmaransstad**

Ons susters word hartlik uitgenooi na bogenoemde saamtrek.

Dagfooi: R80 per persoon

Tema: "Vrou – eer God in hierdie era van verwarrende waardes."

Spreker: Ds. Leo van Schaik van Potchefstroom

Seremoniemeester: Elma Postma

SUSTERS WAT DIE SAAMTREK WIL BYWOON, MOET ASB.

VOOR VRYDAG 11 FEBRUARIE 2011 DIE DAGFOOI

INBETAAL BY BETS OF KOTIE.

**Lit die Woord**

'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene. Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk. Spreuke 31:19.

Wyse Woorde

Mag God my help om altyd die behoefte te behou om meer te wil doen as wat ek kan. (Michelangelo Buonarroti 1475 – 1564)

Vir u meelewing.....

'n RARE SIEKTE...

Liandrè Matthyser (13), dogter van br. en sr. Andrè en Verni Matthyser, en kleindogter van br. en sr. Hennie en Elsie Matthyser, is sedert Desember 2010 ernstig siek nadat 'n rare siekte, bekend as "Anti-NMDA Receptor Encephalitis" by haar gediagnoseer is. "Sy het die laaste week van die skoolkwartaal gekla van moegheid en min gepraat," sê haar Ouma. Later is sy in die Annron opgeneem vir toetse, waarna sy oorgeplaas is na die Little Company of Mary-hospitaal in Pretoria vir intensiewe toetse en behandeling deur o.a. neuroloë. Sy was in 'n koma en moes in die intensiewe sorg-eenheid behandel word. Nuwejaarsdag was vir haar ouers en grootouers 'n dag van hoop, want toe het sy weer haar mense herken en gepraat. Haar toestand het intussen sodanig verbeter dat sy opgeneem is in die Riverfield Lodge Rehabilitasiesentrum. Voordat sy siek geword het, is alles gereed gemaak vir haar hoërskoolloopbaan by KHS. Ons dra hierdie gesinne, wat probeer om soveel moontlik tyd langs haar bed deur te bring, aan die troue sorg van ons Hemelse Vader op. Mag hulle geloof in hierdie tyd versterk word, terwyl ons as gemeente vir hulle gebedding doen en hulle ondersteun.

**VILJOEN-HULPFONDS**

Na 'n tragiese ongeluk in Desember 2010 ontvang Mariette Viljoen van Potchefstroom tans intensiewe terapie in Meulmed Spinale Eenheid. Haar man, Dawie, het in die ongeluk baie ernstige frakture opgedoen wat hom vir 'n hele paar maande buite aksie stel. Die finansiële implikasies van die ongeluk het, soos al die ander aspekte van hulle lewe, ingrypende gevolge vir hulle. As gevolg hiervan, het die Viljoen-Hulpfonds vanuit die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord, waar Dawie en Mariette Viljoen en hulle moeder, Marlene, (Dekaan van Departement Gesondheidswetenskappe) lidmate is, tot stand gekom. Bydraes kan tot hierdie fonds gemaak word.

Viljoen-Hulpfonds

Absa Spaarrekening 9256517890

Tomstraat Takkode 632005

Vir inligting, skakel ds. Fanie Coetzee (082 520 5168) of Theuns Eloff (082 923 4466)

**Lief en Leed**

- Ons is saam met **br. en sr. Piet en Gerty Kruger** en hul kinders dankbaar vir die mate van beterskap wat daar is nadat br. Piet die afgelope weke ernstig siek was na 'n operasie. Ons bid hom en sy gesin ook die troos van die Here toe nadat hulle die afgelope week die nuus gekry het dat br. Piet se broer, br. Chris Kruger, oorlede is. Mag u in hierdie tyd van beproewing kennelik die nabyheid van ons Hemelse Vader ervaar.
- **Oom Kosie Smit** word nog steeds in die Sunningdale Hospitaal behandel nadat hy sy rug ernstig beseer het toe hy geval het. Ons dink aan Tannie Jansie en hul kinders wat hom in hierdie tyd bystaan. Mag God u die krag en genade gee wat nodig is vir elke dag.
- Ons hartlike gelukwense gaan vandag aan **br. en sr. Kobus (jnr.) en Leandrie Steenkamp** met die doop van klein **Gunther Jacobus Steenkamp**. Baie geluk ook aan die grootouers, **br. en sr. Kobus en Rina Steenkamp**. Maghierdie verbondskindjie aan u almal groot vreugde bring.
- **Sr. Kotie Bester** word tans ook in die Sunningdale Hospitaal behandel. Ons vertrou dat sy binnekort baie beter sal voel.
- **Sr. Vicky Scheepers** is ook nog gladnie gesond nie en moet nog tyd in die Wilmed spandeer. Ons bid haar en br. Hendrik sterkte toe in hierdie moeilike tyd en vertrou dat sy volkome sal herstel.
- **Sr. Gerty Pelsers se ma** moes 'n rugoperasie in Pretoria ondergaan. Ons dink aan br. Hannes en sr. Gerty en hul kinders in hierdie tyd van kommer oor ma / skoonma / ouma.

***WYSE WOORDE***

+ As jy nie in die laaste paar jaar ontslae geraak het van 'n belangrike mening of 'n nuwe mening bygekry het nie, is dit tyd om jou pols te voel: jy mag miskien dood wees. - Gelett Burgess (1866 – 1951)

+ Soms moet 'n mens stil wees om gehoor te word. – Stanislaw J. Lee (1909-1966)

+ Al vlieg die voëltjie ook so hoog, hy moet nog altyd grond toe kom om sy kos te kom haal. – Afrikaanse Volkspreuk.